

'n Bietjie verligting van die gejuuk. Ma Anicè Kruger masseer gereeld die dapper klein Pippie se letsels met 'n puntige, groen bal.



Vroeër vanjaar by dr. Ridwan Mia in die rehabilitasiekliniek. Die letsels is al opmerklik ligter.

# HOOP VIR PIPPIE SE BREIN



GALLO IMAGES/FOTO:24/LOANNA HOFFMANN

Die moedige vegtertjie se ma en dokter vertel hoe sy tuis elke dag ál sterker word

Deur DANÉL BLAAUW Foto's: LUBA LESOLLE

**D**IE sametrekking is so erg, haar skouers trek agteroor. Haar rug lig van die matras af op en haar bene ruk stokstyf. En net soos 'n dansende ballerina s'n, strek Pippie Kruger se voetjies met gepunte tone ondertoe.

“Dis nie 'n spasma of stuipe nie; dis net 'n tipiese driejarige wat 'n *tantrum* gooi,” vertel ma Anicè met Pippie nog stokstyf in haar arms.

Waar sy Pippie vashou, wil-wil die moedeloosheid deurslaan. Die dag was weer veel-eisend, nes elke dag vandat die kleuter drie weke gelede ontslaan is uit 'n rehabilitasiekliniek in Auckland Park, Johannesburg.

Die meisietjie in pienk is moeg en geïrriteerd. Sy wil nie die lasagne eet wat Anicè haar lepel vir lepel probeer voer nie. “Isabella, is jy nou moeilik?” vra haar ma.

Anicè glo nie haar kind het breinskade nie, maar dr. Ridwan Mia, die plastiese chirurg wat gekloonde vel op Pippie oorgeplant het, meen sy het wel (Nuwe vel vir ons vegter, 24 Mei). Volgens hom is dit soortgelyk aan beroerteslagoffers s'n en kan dit herstel.

“Pippie het meer as een hartstilstand gehad en die suurstoftoevoer na die brein is afgesny. Daar is beslis breinskade. Daarvan is ons heeltemal oortuig,” sê die chirurg. “Maar sy kry nie stuiptrekkings of spasmas weens breintrauma nie. Sy is bloot styf omdat haar spiere nog swak is.”

Veral by kinders het die brein die ongelooflike vermoë om ná trauma self te herstel of 'n ander deel vergoed vir die beskadigde deel, sê hy.

Ridwan vertel Pippie moet as 'n baba beskou word. “Sy het agteruitgegaan wat jare betref. Sy ontwikkel nou daaglik en ek is baie tevrede met haar ontwikkeling. Elke dag is daar vordering.”

Ridwan sê hy het nooit in die waan verkeer dat Pippie 'n “normale” kind sou wees ná die fratsongeluk met vuuraansteekjell waarin sy derdegraadse brandwonde aan 80 persent van haar lyf opgedoen het nie (Ons kind in vlamme, 1 Maart).

“Ek het gedink sy sou langer in die rehabilitasiekliniek bly, maar sy is 'n vegtertjie. Sy het so goed gevaar dat sy nou nie meer dag en nag mediese sorg nodig het nie en by die huis kan herstel.

“Dit is ontsettend belangrik en doen haar liggaamlik en emosioneel goed, veral wat betref die hereniging met haar ouers en haar boetie, Arno (1).”